Jool/blaaie

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS


# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

JAARGANG XXII — WOENSDAG 22 FEBRUARIE 1967 — No. 3


*ENBRITE*
**ELEKTRIESE MPY. (Edms.) Bpk.**
**Von Wiellighstraat 9B, POTCHEFSTROOM.**
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
**Telefoon: 6313**

# NUSASMAN VRA SAMEWERKING MET A.S.B.

**LONDEN—„Dit is noodsaaklik vir die toekoms van Suid-Afrika dat daar 'n beter verstandhouding tussen die A.S.B. en Nusas bewerkstellig word," het die onder-president van Nusas, mnr. John Sprack, voor sy vertrek na Suid-Afrika, hier in 'n onderhoud gesê.**

Mnr. Sprack was een van twaalf Afrikaans- en Engelssprekende studente wat as Abe Baileybeurshouers vir ongeveer ses weke 'n studietoer deur die Verenigde Koninkryk onderneem het.

Die kloof tussen die twee groepe is een van die tragiese gebeurtenisse in Suid-Afrika en dit is vir die ontwikkeling van die land noodsaaklik dat die twee studente-unies 'n begrip vir mekaar ontwikkel,' het hy gesê.

**KONTAK**

„Ek is redelik oortuig dat daar vanjaar van beide kante 'n algemene poging aangewend sal word om kontak te bewerkstellig."

Volgens mnr. Sprack is die bestaan van diepgaande verskille tussen die A.S.B. en Nusas nie 'n struikelblok vir sulke samesprekings nie, maar eerder 'n aansporing.

Die doel van die samesprekings is nie om mekaar te oortuig nie, maar om onderlinge respek en harmonie, eerder as eenvormigheid te bevorder.

**„Twee hoofprobleme het in die verlede soortgelyke pogings in die wiele gery: 'n onderlinge wantroue, wat deur sekere drukgroepe aangevuur word, en fundamentele verskille ten opsigte van Suid-Afrika se rasseprobleem het hy gesê.**


Studenteleiers met wie hy kontak gehad het, is egter ten gunste van 'n poging tot beter begrip en die verskillende uitgangspunte ten opsigte van die rasseprobleem beklemtoon die noodsaaklikheid van samesprekings.

**SKAKELING**

Volgens mnr. Sprack het Nusas tans nie 'n bepaalde plan waarvolgens skakeling gesoek sal word nie, hoewel alles daarop dui dat Nusas vanjaar sy pogings gaan verdubbel. Dit is moontlik dat studenterade onderling skakeling kan soek. Hy is nie ten gunste van 'n algemene konferensie tussen die twee taalgroepe alleen nie, aangesien Nusas se lidmaatskap vir alle Suid-Afrikaanse studente oop is.

**Mnr. Willie Coetzee, voorsitter van die studenteraad van die Potchefstroomse Universiteit, het gesê hy gaan by sy raad aanbeveel dat die P.U. die leiding neem om kontak met Engelse universiteite te soek.**

Hy is die enigste Afrikaanse lid van die toergroep wat vanjaar aktief aan die studentepolitiek sal deelneem.



**Toe Prof. D. J. P. Smith die toeskouers en atlete toegespreek het tydens die Eerstejaars atletiek byeenkoms, het hy ges dat dit een van die grootste byeenkomste van sy soort was wat die Puk nog gehou het. Hier is 'n gedeelte van die toeskouers en helpers te sien wat meegehelp het om 'n sukses van die byeenkoms te maak.**

**(Foto: De Zee)**

# Bekende hoogleraar skets geestelike ontwikkeling in Nederland

**Hoewel die sekularisasieproses in Nederland reeds ver gevorder het, is daar ook baie wat goed is in die geestelike ontwikkelinge in Nederland. Daar is baie geestelike diskussie in Nederland. Die kerk daar is nie doods nie, maar toon toename in lewe en aktiwiteit.**

Dié beeld van die geestelike-ontwikkeling in Nederland is gegee deur prof. Herman Ridderbos tydens 'n lesing wat hy op Vrydagaand 17 Februarie aan die P.U. gehou het. Prof. Ridderbos is professor aan die Teologiese skool van die Gereformeerdee Kerk in Nederland in Kampen. Hy is tans op besoe aan Suid-Afrika en het verskillende voordragte aan die en P.U. en die Teologiese Skool gelewer.

**INPERK**

Prof. Ridderbos het gesê dat die lewe in Nederland al meer gekompliseerd word. Die owerheid moet die vryheid van die onderdane steeds meer inperk. Die geestelike ontwikkeling word gekenmerk deur groot beweeglikheid.

**RADIKALISERING**

Die religieuse word steeds meer belewe in die Christelike denkpatrone. Daar word maar weinig meer nagedink oor die sonde; die kortheid van die lewe staan meer in die belangstelling. Daar vind 'n radikalisering plaas. Die „slap" Christen wrd nou 'n volslae ateïs.

**GESPREKE**

Veral in die Rooms-katolieke en Gereformeerde Kerke in Nederland heers daar 'n nuwe gees. Die Katolieke weerspreek hul ou leer op sekere punte en voer graag gesprekke met die Gereformeerdes. In die Gereformeerde Kerk bestaan die ou „Gideonsbende," die mense wat lynreg uit hulle beginsels gelewe het nie meer nie.

**STORM**

**Daar is in Nederland 'n groot behoefte om in die storm van vandag alle mede-Christene oor die wêreld die hand te reik. Die teenstelling tussen kerk en wêreld word al sterker. Dit help egter nie om ons van die wêreld te isoleer nie (dykies te bou nie), het prof. Ridderbos ten slotte gesê. Die Calviniste moet met die Woord in die hand die wêreld ingaan.**

# Jool — Wits doen meningsopname

Die universiteit van Witwatersrand het onlangs 'n menigsopname in hul tuisstad geloods deur middel van 'n vraelys wat aan sowat 1,800 Johannesburgers uitgedeel is. Hierin moes hul opinies moes gee i.v.m. die jaarlikse jool. Volgens 'n komiteelid besef min mense dat die jool-opbrengste vir liefdadigheid gaan. Die meeste dink dat dit 'n blote studentelawwigheid is. Die meningsopname dien terselfdertyd ook as propaganda en om die jool by die mense in die regte lig te stel.

# STUDENTE IS TEVREDE IN HUIS RUS

**„Tevrede mense" is die eerste gedagte wat by mens opkom as jy gaan gesels met die inwoners van die halfklaar koshuis net agter Dawie du Plessis-Noord. Die plek dra dan ook die idilliese naam van „Huis Rus". Hoe gepas hierdie benaming is, wil mense soms aan twyfel, veral as die bouers die dag eers mooi op dreef kom! Of beteken die „R.U.S." iets anders, miskien . . . ?**

**Huis Rus is in baie opsigte uniek in vergelyking met die ander Puk-koshuise. Voetligte wat met 'n tydskakelaar beheer word vir die lang gange; ingeboude tafels, boekrakke en beddens in die kamers; daarby dan nog uiters klein venstertjies, is alles nuwighede wat mens opval.**

Alhoewel die inwoners nog verders by Over de Voor en Dawie Dup moet gaan eet en stort, voel almal baie gelukkig en heers daar al klaar 'n eenheidsgees. Die huiskomitee bestaan uit drie lede, waarvan elke lid beheer uitoefen oor een van die drie vloere wat bewoon word.

**VLIEë**

Daar is egter ook, soos in elke koshuis, 'n paar vlieë in die inwoners se salf. Die stof in oorvloed vereis dat selfs die onywerigstes twee keer per dag moet kamer uitvee, terwyl die staande water in die leë hysbakskagte 'n besondere aantrekkingskrag vir muskiete toon — 'n wrede feit waarmee baie Huis Rus-inwoners eers in die nagtelike ure kennis gemaak het op 'n pynlike wyse!

# Nuwe dosente aangestel

Twee nuwe professore is aan die P.U. benoem. Hulle is dr. B. Duvenage wat as tweede professor in die departement Etiek en logika aangestel is, en dr. M. C. B. van R. van Oudtshoorn, nuwe professor in Farmaseutiese tegnologie en -Chemie.

Mnr. J. A. L. Theron is tot senior lektor in Sosiologie en Maatskaplike Werk benoem. Veertein nuwe lektore (lektrises) is benoem, hulle is mnre. T. S. Buys (Chemie), J. Coetzee (Plantkunde), P. V. Duvenage (Rekening- en ouditkunde), E. G. Groenewald (Plantkunde), W. J. Loots (Spraakleer en Drama), B. Potgieter (Farmakologie en Farmakognosie), J. P. L. Reinecke (Fisika), H. W. Simpson (Latyn), J. P. Smit (Sielkunde, Bedryfs- en Personeelsielkunde), A. van der Walt (Wiskunde en Toegepaste Wiskunde), D. J. van Wyk (Wiskunde en Toegepaste Wiskunde), J. H. Viljoen (Rekening- en Ouditkunde) en H. J. Weber (Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis) en mej. S. S. Venter (Engels).

# Studente steel uit winkels

Toonbankdiefstalle deur studente lei jaarliks tot groot verliese van winkels in en om universiteite in Amerika. By 'n koöperatiewe studentewinkel by die universiteit van Yale word jaarliks R60,000 skade gely.

By die universiteit moes privatespeurders aangestel word en is sommige studente tydelik geskors. By die universiteit van Princeton word wagte in uniform beeldradio enspieëls onder meer gebruik om diefstalle te voorkom.

Veral boeke word deur studente gesteel, maar klerewinkels naby vrouekoshuise ly ook groot verliese.

*Agente vir:*
INNOXA COTY
VITAMOL
Besoek ons uitgebreide GESKENKEAFDELING
**DIE BULT-APTEEK**
Tomstraat 88b & c — Tel. 5943
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*

**GROSVENOR MOTORS**
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA —
CORSAIR — ZEPHYR —
ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:
**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**
(EDMS.) BPK.
**Kerkstraat 118 Potchefstroom.**
TELEFOON: 3237

**J HEIDEMA**
Vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**
**Opberging**
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

**GISELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese dienste.*
TOMSTRAAT 100, POTCHEFSTROOM.

Ruikers vir alle geleenthede
**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou
Tel. 6575
POTCHEFSTROOM

die WAPAD
WOENSDAG 22 FEBRUARIE 1967

# TOENADERING

Vir elke regdenkende P.U.-student kan die verklaring van die onder-president van Nusas, mnr. John Sprack, slegs van harte welkom wees. Alhoewel ons beslis nie veel liefde vir Nusas het nie, besef ons almal dat kontak met die Engelssprekende studente in Suid-Afrika dringend noodsaaklik is.

Die A.S.B. en Nusas het al vir die meeste van ons die beliggaming geword van twee diametraal teenoor mekaar staande denkrigtings en samewerking tussen die twee organisasies sal eintlik baie beswaarlik kan plaas vind. Daarom sal skakeling tussen die verskillende Afrikaanse en Engelse universiteite afsonderlik seker meer vrugte kan afwerp.

Die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Willie Coetzee, se verklaring is in hierdie verband besonder verblydend. Die P.U. vir C.H.O. voel as Christelike universiteit die noodsaaklikheid van kommunikasie met ander lewensbeskouinge sterk aan.

Diegene wat vrees dat skakeling kan lei tot beginselprysgawe besef nie dat beginsels deur kommunikasie met ander beskouinge getoets en so versterk word nie.

Ook is dit dwaas om te dink dat die Afrikaanse kultuur deur skakeling met die Engelse universiteite in gevaar gestel sal word. Die kultuurgoedere van albei groepe behoort slegs te baat deur nouer kontak met mekaar. Indien die kultuur van een van die groepe in gevaar kom, is dit 'n teken van swakheid van die groep.

Skakeling tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente het geensins die doel om kultuurverskille uit te wis nie, maar moet lei tot samewerking op die vlakke waar daar ooreenkomste is. Aangesien albei groepe in dieselfde land leef, aan dieselfde staatkundige en ekonomiese eenheid deel het, en daarby studentegroepe is, is daar ruim geleentheid tot samewerking.

'n Belowende begin met skakeling op sekere vlakke is reeds gemaak deur die besluit van die Afrikaanse Studentepersunie om op tegniese vlak saam te werk met Sanspa.

Mag die jaar 1967 aansienlike toenadering tussen die Afrikaanse en Engelssprekende studente van ons land bring.

# INSKAKELING

Inskakeling 1967 is agter die rug.

Was die inskakelingsprogram 'n sukses?

Die uitwerking en gevolge van die aktiwiteite kan eers later, as die produkte daarvan in die studentelewe rondbeweg, beoordeel word. Dit wil in elk geval voorkom of die program self suksesvol was.

Verlede jaar se inskakelingsprogram was eintlik maar 'n makgemaakte replika van die ou inlywing. Vanjaar was daar egter aksies wat oorspronklik en nuut aangedoen het. Die atmosfeer van 'n moderne oriëntering kon reeds aangevoel word.

Daar was ook nog enkele tradisionele aksies wat nog 'n plek in die program kon vind, maar miskien nie heeltemal by die nuwe atmosfeer gepas het nie. Mettertyd sal die oorblyfsels uit die verlede ook wel in die nuwe patroon geabsorbeer word.

Dit was vir die persone wat die aksies moes organiseer geen gemaklike taak om almal te bevredig nie. Aan die een kant was daar die owerheid wat die oë gerig hou op die ingrypende ontwikkelinge wat die P.U. besig is om te ondergaan en dus 'n meer moderne siening van die saak het. Aan die ander kant was daar die senior studente wat gehunker het na die inlywing van die goeie ou dae.

Die mate waarin geslaag is om albei kante te bevredig, terwyl tewens aan die studente 'n aangename week as begin van die akademiese jaar besorg is, verdien die hoogste lof.

'n Fondament is gelê waarop in die toekoms met goeie resultate voortgebou kan word.

## *Studente skryf en praat . . .*

**Ons lewe in 'n tyd nie van sentralisasie nie, maar van desentralisasie en sodoende moet die oriëntering daarby aanpas.**

**Mnr. Willie Coetzee, Studenteraadsvoorsitter,**

**Die dilemma van ons universiteit is die nuwelinge.**

**Mnr. Dirk Wiynbeek.**

**Terug na die Breë Pad!**

**Mnr. Dok Briers**

**Mnr. Kobie van der Walt het met sy toespraak tydens die A.S.B.-vrugtefees doeltreffend daarin geslaag om alle lewende hawe uit die vrugte te laat vertrek.**

**Eerstejaar.**

# In U Lig

I KORINTHIëRS 3: 9-23

Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.

Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou.

Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus.

En as iemand op die fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hooi, stoppels, —elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.

As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos vuur heen.

Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?

As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.

Laat niemand homself mislei nie; as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word;

want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang;

en verder: Die Here ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is. Laat niemand dan op mense roem nie, want alles behoort aan julle; of dit Paulus is of Apollos of Céfas of die wêreld of lewe of dood of teenswoordige of toekomstige dinge — alles behoort aan julle; maar julle behoort aan Christus en Christus aan God.

(Daar word beoog om die rubriek vanaf die volgende uitgawe in 'n nuwe gedaante te laat verskyn. Prof. W. J. de Klerk, hoof van die Departement Etiek en Logika, het ingewillig om die rubriek voortaan te behartig — Red.)

# - Deur My Lens -

**DIE VIERDE OOG**

Dit is die titel van my nuutste (nog onvoltooide) roman. Die Vierde Oog. Dit gaan oor die onbeplaabare verhouding tussen die bewuste en die nie-bewuste van die menslike psige. Dit bind die stuwing van die menslike drifte konsentries hiermee saam. Ten slotte word die verhouding van mens tot mens hierin verbeeld.

As agtergrondmateriaal gebruik ek die talle „ge-arriveerde" eerstejaarstudente van die P.U. Die uitbeeldingsmateriaal is hoofsaaklik 'n aand tydens „singsongs" in die Totius-gedenksaal — hierdie tyd van die jaar. Ek noem dit die „people's centre."

**OORDREWE**

Ter verduideliking: U moet Die Vierde Oog beskou as 'n oordrewe satire. M.a.w. 'n sekere situasie in 'n samelewingstruktuur wat tot op die been toe oopgevlek word — selfs tot op die murg, want u moet onthou, dis 'n oordrewe situasie —sonder subjektiewe kritiek.

Hier volg 'n toepaslike uittreksel:

**KRAMPAGTIG**

**Demetrius C. de Jonge sit krampagtig op die punt van sy stoel. Om hom dawer dit ten hemele van voete wat stamp op plank, hande wat op knieë slaan en uiteindelik die saamvloeiende geluid wat uit honderde oopgesperde monde een magtige klank word. Hy doen nie mee nie.**

Nou en dan kan die opruiende stem van telkens 'n ander spreker deur 'n gleuf in die lawaai gehoor word. Elkeen voel hoogs tevrede met sy magtige poging tot samewerking. Grense bestaan nie meer nie. Almal word een skreeu. Dit is die vervolmaking van die altyd gewaande eenheidsgedagte. Geen verskille kan meer bestaan nie. Hierdie onderstebo piramiede word gebou op 'n enkele drif wat elke emosie saamgerf: Haat. Haat teen die onbekende invallers wat die „people's centre" betree het. Hulle word die verdelgbare sondebok (sondebok — die verpersoonliking van alle ongeregtigheid).

**STEIER**

**„Ek het nog 'n laaste wens," kom die spreker se stem hortend deur die effens bedaarde lawaai wat selfs nog „stiller" raak. „Word mal." Hy sê dit soos 'n sterwende. Die lawaai steier op soos vuur waarop olie gegiet word. Dit bereik breekpunt.**

„Terug na die Breë Pad" is die onhoorbare kreet van baie wat geabsorbeer word deur die onuitstaanbare gedonder. „D.V." kom die nagedagte van 'n enkeling wat nog nie kon slaag om geheel een te word met die stuwende drif nie. Maar niemand hoor hom nie. Niemand steur hom aan die verwarde enkeling nie.

**INTENSER**

„Kom ons help hulle hier weg!" kom dit oor die versterkte luidsprekers. Die „hier weg" los eenvoudig op in die intenser element.

„Ons moet gehelp word!" 'n Duidelike kreet — maar niemand weet waarvandaan nie.

Demetrius G. de Jonge skuif gemaklik terug in sy stoel, byna gemoedelik. Hy doen mee. Vir die eerste keer.

**(Waarskuwing: Die satire is van vroeg af net vir diegene wat hulleself beskou as geestelike aristokrate).**

REFLECTOR

# ?

**Hou die spasie dop in die volgende uitgawes.**

*Met komplimente van*
**AJAX**
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

## INHENGELING




## Ons Lesers Skryf

### WERP ALLES IN STRYD VRA PUKSTUDENT

Geagte Redakteur,

**Ons het almal baie goeie voornemens vir die jaar. Elkeen wat hom kwel oor dit wat verby is, besef nie dat dit 'n mors van tyd is nie.**

Sal ons nie elkeen probeer om die jaar alles in die stryd te werp vir ons universiteit nie? Die akademie is by studente die belangrikste en tereg ook, maar is dit nodig dat die ander aktiwiteite van die studentelewe agterweë gelaat word? Die studentelewe is een van die belangrikste faktore wat die karakter van die universiteit bepaal.

Dit is nie nodig om baie intelligent te wees om in die akademie sowel as in die studentelewe te presteer nie. Niemand is bekwamer as wat hy nodig het om te wees nie — dit is die wet van die natuur. Bome sou nie sterk wortels gehad het, as daar geen sterk winde was nie. Die mense het nie geleer om klere te weef en huise te bou voordat hulle in 'n koue klimaat gaan woon het nie.

**Peet van der Walt**

(Brief verkort weens ruimtegebrek— Red.)

## REKTOR SE REDE:

# UNIVERSITEITE IS IN NOOD

**DIE universtiteite van Suid-Afrika verkeer in dilemma, het die rektor van die P.U., prof. H. J. J. Bingle by geleentheid van die amptelike opening van die P.U. verklaar.**

**Prof Bingle het gesê dat die universiteite nie kan verrig wat van hulle verlang word nie. As gevolg hiervan ontstaan 'n reeks noodsituasies.**

**Daar is eerstens finansiële nood — die universiteite het nie voldoende middele om diens te lewer nie. Die P.U. kry 'n subsidie van 67% van die staat. Die res (ongeveer R500,000) moet uit eie bronne aangevul word. In Brittanje is die subsidie op universiteite 96% en in Nederland 98%. Die owerheid bring die posisie hier in verband met die outonomie van die universiteite Tog het die Europese universiteite ondanks die hoër subsidie nie hul outonomie prysgegee nie.**

In Suid-Afrika kla al die universiteite dat hulle nie 'n regverdige deel van die subsidie ontvang nie. Anders as in die V.S.A. skeld die owerheid maatskappye slegs 1% vry van belasbare inkomste mits hulle dit aan die universiteit skenk en dit slegs vir tegnologiese doeleindes.

**GESTREM**

**Ten opsigte van kapitale uitgawes is die finansiële posisie nog swakker. Die universiteite word gestrem in die toestaan van lenings deur die staat. Indien die huidige beleid nog twee jaar volgehou word, sal die universiteite die agterstand in die volgende 15 jaar nie kan inhaal nie.**

**NOOD**

Prof. Bingle het vervolgens gewys op die nood van die volkshuishouding. Die land het 'n gebrek aan mannekrag om die oorvloedige bronnerykdom te ontgin. Die universiteit moet dus poog om soveel as moontlik so goed as moontlik toe te rus. Met die huidige toerusting is dit onmoontlik.

In die derde plek is daar die nood van die mens wat vra om gevorm te word in sy beroep volgens 'n lewens- en wêreldbeskouing, sodat dit 'n roeping word. Daar is ook die nood van die wetensap wat vra na ewewigtige mense wat die wetenskap volgens beginsel en eweredig in al sy fasette sal ontgin.

**KARIG**

**„Die P.U. vir C.H.O. staan in die volkome dilemma omdat hy die node so helder insien en die middele die karigste van kariges is. Maar wie dit besef, staan op die eerste sport van die hoogste diensbaarheid aan God en mens."**

**OORLOPENS**

Die P.U. tree sy nood tegemoet. Met die huidige studentetal van 2,500 is die universiteit tot oorlopens toe vol. Om te voorkom dat die P.U.-kampus sal lyk soos 'n aantal stuwalle in 'n sloot wat al met ander universiteite gebeur het, is dit aan die Senaat opgedra om 'n meesterontwikkelingsplan vir die P.U. op te stel. Die plan, wat byna voltooi is, kan in 'n materiële en 'n geestelike plan verdeel word.

**Daar word beplan om groepe aanverwante departemente in groot eenhede onder een dak te bring bv. 'n Biologiese blok, 'n blok vir Lettere. Ten opsigte van koshuise word uitgegaan van die gedagte dat die eetsaal die middelpunt van 'n koshuiskompleks moet wees. Groepe van vier wooneenhede word om 'n eetsaal gegroepeer vir 'n inwonertal van 1,000.**

**PROJEKTE**

Om die beplanning stelselmatig tot uitvoer te bring, is die departement Ontwikkeling in die lewe geroep. Die departement het in 'n kort tyd op alle fronte groot werk verrig. Ten opsigte van die uitvoering van die projek word riglyne gebruik, bv. om eerder bestaande kursusse uit te bou as nuwe kursusse in te stel wat nie gesubsideer word nie.

**Daar is besluit op drie groot projekte vir die onmiddellike toekoms: 'n Aard- en Aardrykskundelaboratorium, 'n manskoshuiskompleks vir 1,000 studente en 'n studentesentrum.**

**REFORMASIE**

**Wat die geestelike meesterplan betref, word besef dat nie gewag hoef te word vir volledige stoflike toerusting nie. Calvinisme beteken reformasie sonder end.**

**EERSTEJAAR**

T.o.v. die opvoedingstaak word besondere aandag gegee aan die lot van die eerstejaarstudent. Die P.U. beskou dit as 'n probleem van die universiteit in die eerste plek en nie van die skool nie. Die moeilikheid is in die geval veral 'n persoonlikheidsprobleem. Die P.U. het reeds heelwat verrig om die eerstejaar te oriënteer.

Die P.U. moet nie met die opvoeding van mense volstaan nie, maar ook werk aan die ontginning van die wetenskap. Hier het die P.U. reeds bo vermoë gepresteer en vier maal soveel spesiale subsidie vir navorsing gekry as wat die studentegetal alleen regverdig.



**Sommige van die eerstejaars moes beslis beïndruk gewees het deur die definitiewe bewys van die gryse ouderdom van sommige ouhere. Hier staan 'n patriarg vaderlik met sy hand op die skouer van een van die nuwe studente tydens 'n uitkenningsparade.** Foto: Fotokuns

## Van die Studenteraadstafel

Die huidige S.R. het kort na die begin van sy termyn besluit om in die Wapad 'n kolom in te ruim, waarin sake, wat op S.R.-vergaderings bespreek is, aan die studentemassa bekend gemaak en verduidelik kan word. Op hierdie wyse wil die S.R. poog om elke P.U.-student op hoogte te hou van alle sake van algemene studentebelang wat deur die S.R. besluit word. Hierdie kolom sal verder ook gebruik word om van Studenteraadskant te antwoord op aantygings of kritiek wat vanuit die massa gemaak mag word op besluite of optrede van die S.R. Sodoende wil die S.R. verhoed dat eensydige inligting en moontlik afbrekende kritiek 'n wig tussen die S.R. en die Studentemassa indryf.

**BESEMBOS VERKOOP**

Na ernstige en lang bespreking het die S.R. teen die end van verlede jaar besluit om Die Besembos te verkoop teen 'n bedrag van 50 c per eksemplaar, 'n besluit wat heelwat bespreking op die kampus uitgelok het. In hierdie kolom wens die S.R. graag die omstandighede te skets wat aanleiding gegee het tot genoemde besluit.

Die Studenteraad het van vorige Studenterade verneem dat aan die begin van elke jaar 'n bedrag van elke student ingevorder word deur die administrasie van die Universiteit om die betrokke student se onkoste t.o.v. publikasies te dra. Hierdie bedrag sou volgens berigte ingesluit wees by die registrasiegelde wat elke jaar betaal word. Op navraag wat deur die S.R. in die verband gedoen is, het die administrasie egter geantwoord dat daar definitief nie sodanige reëling tussen die S.R. en die Administrasie bestaan nie.

Ons haal aan uit 'n brief nr. 19/2 (GPS/FD) van die Kantoor ontvang op 29 November 1966, die volgende:

1. Geeneen van die hoofamptenare van hierdie Universiteit weet enigiets dat gelde vir studentepublikasies by die registrasie- of klasgelde van studente ingesluit is nie.
2. Dit was nog nooit en is nie die beleid van die Raad om sulke aparte items van die Studenteraad by registrasie- en klasgeldebepaling in aanmerking te neem nie.

Gevolglik moes die drukkoste vir die publikasie van die Besembos, 'n bedrag van nagenoeg 1800 rand, gedek word uit die toelae wat die S.R. vir die termyn 1966/67 van owerheidsweë ontvang het. Hierdie toelae bedra R6500.

Dit was dus vir die S.R. baie duidelik dat al die finansiële verpligtinge gedurende die res van die termyn t.o.v. al die hoofliggame en onderliggame sowel as die S.R. self, nie nagekom sou kon word indien daar reeds aan die begin van die termyn 'n bedrag uitbetaal word aan drukkoste van slegs een publikasie van die S.R., wat reeds byna 'n derde van die toelae bedra nie. In die lig van hierdie finansiële omstandighede kon die S.R. geen ander weg oopsien as om die Besembos te verkoop teen 'n minimale bedrag van 50c per eksemplaar nie, 'n bedrag wat slegs 44 persent van die totale koste sou dek.

Wat die toekoms betref is hierdie hele aangeleentheid van Studenteraadskant egter nog nie afgehandel nie. Die S.R. het op 'n onlangse vergadering besluit om in samewerking met die administratiewe personeel van die Universiteit, die hele finansiële posisie van die S.R. in heroorweging te neem. By hierdie ondersoek sal die kwessie van die Besembos dan ook prominente aandag geniet.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

***INSLEEP!***

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

# Senior-konsert was puik

**Die verskeidenheidskonsert wat Woensdagaand, 15 Februarie, deur die seniorstudente opgevoer is, was die goeie resultaat van talent gekombineer met vindingrykheid.**

Dit was die gehalte wat mens van 'n universiteit verwag daarom noodwendig 'n verbetering op soortgelyke konserte van verlede jaar.

ONTSPANNE

Mej. Barenda du Plessis se beheerste ontspanne sangstem was 'n goeie keuse vir die aand.

Dit was weer 'n ervaring om na Abri le Roux se voordragte te luister. Maar miskien moet hy hom meer toelê op die dramatiese en humoristiese as op die geestige. Nietemin, kan die P.U. hom bevoorreg ag dat hy so 'n verhoogtalent het om van gebruik te maak.

HOOGTEPUNT

**Johan van Rensburg verdien 'n pluimpie vir sy vindingrykheid. Hierdie aanbieding het by almal byval gevind. Dit was tereg die hoogtepunt van die aand.**

KOMPLEKSHUMOR

Ten slotte was die stukkie tipiese Komplekhumor tog ook nie onverdienstelik nie.

**Dit is jammer dat die ontoereikende akoestieke vermoë van die Totius-gedenksaal vir die soveelste keer goeie verhoogaanbiedinge oorskadu het.**

C.J.S.

## Talent



'n Bekende gesig vir die Pukke is Johan van Rensburg agter die klavier se klawers. Hy het 'n sprankelende uitvoering gelewer tydens die senior studente se talente aand wat in die Totius Gedenksaal gehou is.

(Foto: Fotokuns.)

## Geen rybewys

„Ek bestuur al 40 jaar 'n motor en is nog nooit om 'n rybewys gevra nie," het 'n 82 jarige man in Massacusetts aan 'n polisieman gesê, nadat hy in 'n motorongeluk betrokke was, en om sy rybewys gevra is. Die polisie het hom onmiddellik in hegtenis geneem.

# THALIA WIL PRIKKEL MET SPEURVERHAAL

**Thalia gaan gedurende Juliemaand 'n speurverhaal op die planke bring. Die stuk het die prikkelende titel van Saterdagaand— 11.16 nm. Dit is 'n vertaling van Falkland L. Carry se „Murder out of time" deur Leonie Pienaar. Mej. Bets Botha sal die regie waarneem terwyl senior dramastudente ook 'n handjie sal bysit.**

KOMIES

In 'n onderhoud met mnr. Poen Coetzee, voorsitter van Thalia, het hy gesê dat dit 'n besondere komiese en verrassende inhoud het.

„'n Moord word om 11-16 nm. gepleeg en elkeen van die verdagtes moet 'n alibi verstrek. Almal het een, net een persoon nie. Maar dit sê nog nie dat sy die skuldige is nie, want alles staan in die teken van die toevallige en onverwagte. Die toeskouer sal gedurig sit en wonder wie die skuldige is," het mnr. Coetzee gesê.

ROLLESING

Die rollesing sal hierdie week plaasvind en studente wat aspireer vir rolle kan maar die kennisgewingbord dophou.

# KUNSGESELSIE

Met die geboorte van Ingrid Jonker in die Afrikaanse poësie, het sy 'n eie, heel besondere plek verower. In die aarselende skrynende liefdespoësie van „Ontvlugting" het alreeds 'n digterspersoonlikheid gehuiwer wat met „Rook en Oker" gegroei het tot een van die grootstes in ons taal.

Aanvanklik is dit 'n ritmiese vers, korrek in metrum en rym. Later die meer blanke vers: los en vry; maar nooit struktureel ongebonde nie. Ingrid Jonker is wel stom deur die dood, maar nooit sal sy swyg nie. Sy sal op haar eie eerlike, onbevange manier van sê, bly lewe:

„Die een spieël in my kamer was
blink-glad, die ander een gebars.
Jy dink maar, god-mens, jy het my deurgrond;
ek sal jou so verwar so verwond.
dat jy van spieël tot spieel sal draf en wonder:
as hierdie sy is, God wie is die ander . . . ?"

Feitlik elke gedig praat onnoembaar-eensaam rondom die liefde. Die noodwendige, noodlottige verbonde-wees aan die liefde wat in verskillende manifestasies verbreek en verbrokkel in die woorde lê. Alles lê in 'n gebarste spieël: in die liggaamlikgevoelige alleenwees. Want: uit die verbrokkeling tussen man en vrou word die vervreemding en ontroering gevind. En daaruit vloei ook die latere isolasie en doodsverlange:

„ek wil net alleen wees op reis
met my eensaamheid
soos 'n wandelstok
en glo dat ek nog enig is."

Die wêreld van Ingrid Jonker is 'n ryk geskakeerde wêreld. Deernis met die onskuldige, blank en nie-blank, sien ons duidelik in die rougedig: „Die Kind." Met die dood van Dylan Thomas skryf sy 'n amper „heilige" gedig; vol gewydheid en weemoed. Ek haal die slotvers aan:

„En op die vensterbank en teen die lig
die hotnotsgod se eindeloos gebed."

Soms wil dit net louter poësie wees; soos in „Moenie slaap nie"

„Agter die gordyne begin die dag dans
met 'n pouveer in sy hoed."

Haar lewe en verdriet hang verder tussen die nederige pole van moederwees en menswees. Vir Simone skryf sy van die behoorlikste kinderverse in ons taal:

„Die kabouter met die rooi-rool pet
die kabouter met die geel hemp aan
het sy hart gisteraand vir my gegee
en sy hemp is vir die maan."

Die losmaak-hartseer, die vreemd blye allegretto's, die vervreemding en stilte is enkele name vir dit wat in haar woorde lê.

Ingrid Jonker se

„Korreltjie klein is my woord
korreltjie niks is my dood"

is nie waar nie. Sy sal in haar woord bly leef. Soveel volmaakte vormgewing kan nie sterf nie!

P.H.R.

BY

**Enbrite Electrical**



*kry u leeslampe, lampskerms, alle elektriese benodigdhede, hardeware en ook daardie ideale geskenk !*

Adres:

H/v. TOM- EN VON WIELLIGSTRAAT.

*Telefoon: 6213.*

# S.R.-voorsitter gee Abe Baileytoer-indrukke

**„Op Trafalgarplein het ons ingespring en Rhodesië se naam met die vuiste beskerm want in Brittanje word, as Rhodesië se naam genoem word, Suid-Afrika daarby gesuggereer." So gesels mnr. W. N. Coetzee voorsitter van die Studenteraad oor die onlangse AbeBailey-toer na Groot Brittanje.**

Jaarliks word twaalf studente, ses Afrikaans- en ses Engelssprekendes uit die 18 universiteite gekies om die toer mee te maak. Die keuring geskied so dat daar van elke universiteit d.m.v. n proses van rotasie 'n student of twee die toer meemaak en verlede jaar is mnr. Coetzee en mnr. A. S. de Beer, voormalige voorsitter van Aspu gekies om die toer namens die P.U. te vergesel.

**VISIE**

Die primêre doel van die toer is om die leiers van die universiteite en studente se visie t.o.v. die studentelewe en universitêre aangeleenthede oor die hele land en selfs die wêreld te verbreed. „Ons sien egter die doel eerder as 'n nouer kontak maak tussen Afrikaanse en Engelse studente op 'n neutrale grond nl. Brittanje in hierdie geval," het mnr. Coetzee gesê.

Op 'n vraag na die studentelewe in die universiteit in die besoekte land het mnr. Coetzee geantwoord dat daar in der waarheid nie so iets bestaan nie. Die universiteit bestaan uit 'n aantal kolleges wat al die fasiliteite het wat aan 'n gewone universiteit gevind word. Insluitende lesingskamers. In hierdie kolleges wat al die fakulteite sowel as inwoning aan hul studente bied, heers 'n akademiese gees wat bykans geen geleentheid bied vir die studentelewe soos wat ons dit in S.A. ken nie.

Die universiteit op sigself dien bloot as samebindende orgaan vir die verskeie kolleges en in hierdie opsig besit die Studenterade baie min en in sommige gevalle byna geen gesag nie en funseer slegs as n uitvoerende liggaam. Baie kolleges w.o. veral die van die Universiteite van Oxford en Cambridge is egter hegte eenhede en so finansieël gesterk dat hulle verskeie besighede besit. Die kolleges is finansieël net so sterk en benoem en betaal in baie gevalle hul eie dosente.

**SLOTWOORD**

**In 'n slotwoord het mnr. Coetzee gesê: „Ek het agt van die wêreld se grootste en bekendste universiteite besoek en was beindruk deur tradisie-bewustheid en kultuurvastheid, maar — ek is bly om terug te wees op die P.U. want ons hoef geensins op enige gebied vir hulle terug te staan nie."**

## Studente eet vraestelle

Vir 'n weddenskap van R2 het 'n regstudent aan die universiteit van Oxford 566 bladsye eksamenvraestelle geëet. Dit het hom ses dae geneem om die bladsye, wat hy met, bier afgespoel het, te verteer. Die weddenskap het begin weens die student se gewoonte om aan papier te kou.

# Smarte eindig met dinee

**VERLEDE Saterdagaand is die jaarlikse Ontheffingsdinee gehou waarmee die oriënteringstydperk van die eerstejaars ten einde geloop het.**

**Oorspronklik het die ontspanningskomitee 'n maanligontghaal op die grasperk voor die biblioteek beplan, maar die weer wou nie saamspeel nie. Toe die reën in strome begin neergiet op die reeds gedekte tafels, het dit vinnig dink en doen gekos om die saak te red.**

Die Puk-massa het egter, soos altyd, spontaan gehelp en gougou is die tafels verskuif en herdek in die Totius-gedenksaal. Aangesien die saal nie al die gaste kon bevat nie, is die Lettie du Plessiseetsaal ook gebruik om 'n deel van die gaste te akkommodeer.

**GESELLIGHEID**

**Oor die algemeen het die aanwesiges gereken dat die geselligheid 'n klinkende sukses was. Die spyskaart het bestaan uit sjampanje, wyne en lemoensap wat gedrink is so tussen die eet deur van allerhande soutighedjies, vleis en dan, veral, heerlike watertand-kaassoorte! Daar was selfs ook piesangs en druiwe, vir diegene wat na bogenoemde nog honger was, op die netjies gedekte tafels te vinde.**

**KWINKSLAE**

Mnr. Hans van Zyl het hom meesterlik van sy taak as seremoniemeester gekwyt. Sy kwinkslae het professor, senior en eerstejaar somtyds laat skud van die lag en baie daartoe bygedra dat die onderlinge gees van geselligheid van die beste was.

In sy verwelkomings- en geleentheidswoord het die rektor, prof. H. J. J. Bingle, die vryheid van die kampus aan die studente aangebied, maar beklemtoon dat hy daarmee alleen bedoel volwasse en verantwoordelike jongmense wat dit waardig is.

**MISLUKKING**

Die heildronk op die seniorstudente is ingestel deur prof. H. L. Swanepoel, die burgemeester van Potchefstroom. Willie Coetzee, die S.R.-voorsitter het hierop geantwoord. Die heildronk op die juniorstudente is ingestel deur prof. B. C. Schutte en eerstejaar Cor Marx het treffend hierop geantwoord. Laasgenoemde het onder andere gesê dat hy en sy lotgenote net hulle innigste simpatie aan die ontspanningskomitee wil betuig met die „mislukking" a.g.v. die reën!

Nadat die bedankings gedoen is, is 'n besondere aangename aand op hoë noot afgesluit deur gesamentlike sang van al die ou lekker studenteliedjies.



Prof. H. J. J. Bingle het in sy hoedanigheid as Rektor die vryheid van die kampus aan die eerstejaarstudente gebied tydens 'n dinee wat deur die ontspanningskomitee vir die nuwelinge gereël is. (Foto: Fotokuns.)

# HOE VERSKIL AFRIKANER VAN SUID-AFRIKANER?

**„Die basiese verskil tussen Afrikanerskap en Suid-Afrikanerskap is dat een 'n kultuurbegrip is en die ander 'n staatkundige begrip." So het mnr. J. M. T. Labuschagne in 'n onderhoud gesê. Mnr. Labuschagne studeer tans vir sy doktorsgraad in Naturelle-administrasie.**

Mnr. Laubschagne is deur Die Wapad gevra om sy siening te gee oor die verskil tussen die Afrikaner en die Suid-Afrikaner, na aanleiding van 'n artikel in 'n vorige uitgawe wat gehandel het oor die taak van die Afrikanerstudent vandag.

**MAN OP STRAAT**

„Dit is opvallend hoeveel mense verwar word deur die begrippe „Afrikaner' en „Suid-Afrikaner.' Die nasionale strewe van die owerheid laat ook 'n sweem van onduidelikheid by die man op straat." het mnr. Laubschagne gesê.

Mnr. Labuschagne het verklaar dat, volgens hom Afrikanerskap te make het met deelgenootskap aan die Afrikanerkultuur. Met die genealogie (afkoms) moet Afrikanerskap nie verwar word nie. Dikwels roem mense daarop dat hulle Afrikaners is, maar dan praat hy of sy geradbraakte Afrikaans, was op 'n Engelse of ander skool en dra geen kennis van die Afrikaner se strewes en probleme nie.

**LOJALITEIT**

„Suid-Afrikanerskap daarenteen dui op 'n gesamentlike staatkundige lojaliteit. Die saambindende faktor is in die geval 'n gemeenskaplike staatkundige lojaliteit en lotsgemeenheid. 'n Mens kan dus 'n Afrikaner en 'n Suid-Afrikaner wees en behoort dit te wees."

**VERKWANSEL**

Mnr. Labuschagne het daarop gewys dat baie persone dink dat die strewe na Suid-Afrikanerskap beteken dat Afrikanerskap ingeboet moet word. Dit is volgens hom 'n onjuiste opvatting.

„Ons bly steeds Afrikaners en het 'n taak ten opsigte van die bestendiging en uitbouing van ons Afrikanerskap. Dit sou ook net 'n ondankbare wees wat sy eie so maklik sou verkwansel."

## Britse student moet hand uit die mou steek

Die nuwe belasting op lone wat in Brittanje ingestel is, het 'n onaangename skok meegebring vir die studente van die universiteite van Oxford en Cambridge. Vir die eerste keer in 700 jaar moet hul nou hul eie beddens opmaak en hul eie skottelgoed was.


**Mans- en Sportuitrusters**

Van Coetzee

U KOOP GRAAG

**VEKA**

daarom koop u by ons, die **ENIGSTE** VEKA-uitrusters in die dorp






Elke Sigaret 'n Meesterstuk

IN SUID-AFRIKA VERVAARDIG

VRFA 109



Drie van die Pukke wat gekies is om Wes-Transvaal in atletiek te verteenwoordig, is Willie van der Westhuizen (100 tree, 220 tree, 80 meter hekkies en verspring), Cecile Malan (gewigstoot) en George Muldner (880 tree en 1 myl).

# Over de Voor verras Personeel

**Die krieketspan van Over de Voor het Saterdag gesorg vir 'n eersterangse verassing toe reën hulle van 'n oorwinning oor die personeel beroof het.**

Over de Voor het 76 lopies behaal waarvan Pierre van Ryneveld 31 en Chris Swanepoel 20 lopies aangeteken het. Die koshuisspan het egter deurentyd te doen gekry met die dodelike akkurate boulwerk van Daan Wissing en Fanie du Plessis.

**INEENSTORTING**

Die Personeel het goed afgesit maar kort daarna het 'n kolfineenstorting gekom en het hulle 41 lopies vir die verlies van 8 paaltjies op die telbord gehad toe die reën hulle van 'n gewisse neerlaag gered het.

Vir Over de Voor het Swanepoel 4 paaltjies, Van Aswegen 2 en Gerrit Grobler een ingeoes. In nog 'n ligawedstryd tussen Huis Rus en Dawie du Plessis het Jannie Nel 81 lopies aangeteken vir die nuwe koshuis. Dit het hulle in staat gestel om die wedstryd in hulle guns te beklink.

**BELANGSTELLING**

Daar heers tans 'n groot belangstelling vir krieket aan die Puk en die Universiteit behoort binnekort weer sy regmatige plek onder die ander Universiteite in te neem op hierdie gebied.

# Eerstejaars toon talent op byeenkoms

**Die eerstejaarsbyeenkoms het beslis die nuwe talent op die P.U. getoon.**

Die byeenkoms het verskeie hoogtepunte opgelewer, o.a. die vertonings van Bea Marais, Junior Springbok naelloopster. Sy het 'n redelike tyd van 11.9 sek. oor die 100 tree op 'n stadige baan opgestel. Sy is egter nog tot beter tye in staat en daar word nog baie van haar verwag.

**Die 100 tree vir mans is gewen deur T. le Roux in 10.5 sek. Hy het ook die 220 tree in 23.4 sek. gewen. Die 100 tree vir senior mans is gewen deur Willie van der Westhuizen met Willie Coetzee en Johan Kruger onderskeidelik tweede en derde. Laasgenoemde twee is nog tot veel beter in staat.**

**WERPSKYF**

Nog 'n goeie vertoning was die 440 tree vir juniors wat Piet Coetzer in 52.7 gewen het. In die werpskyf vir juniors het Cor Marx 158' 7" gehaal en in die werpskyf vir seniors 133' 3" wat 'n nuwe P.U. rekord is.

**SWEEDSE AFLOS**

Die hoogtepunt van die baie geslaagde byeenkoms was die Sweedse aflos wat deur Over de Voor gewen is. Alle eer aan A. du Plooy, C. Coetzee, Koos du Plooy en Johan Kruger. Laasgenoemde het gesorg vir 'n spannende einde.

Die mansafdeling is gewen deur Dawie du Plessis en die damesafdeling deur die eerstejaardames van Klawerhof.

## Studente druip weens jool

Prof. C. H. Rautenbach, Rektor van die U.P., het verklaar dat die jaarlikse jool een van die groot redes is vir die hoë druipsyfer aan sekere universiteite. Met die jool gaan dit nie net om op 'n bepaalde dag pret en plesier te beleef nie, maar die voorbereidings van die jool strek oor 'n tydperk van weke en selfs maande, waardeur baie kosbare tyd vermors word. Prof. Rautenbach is tans besig met 'n studie oor die redes van die hoë druipsyfer van veral eerstejaarstudente.

Sake wat studente van hul arbeid weghou moet derhalwe heeltemal ontmoedig word — ook aan die nuwe Randse Afrikaanse Universiteit. Dit sal heel moontlik hierdie ernstige vraagstuk oplos en ook geweldige onkostes vir die staat bespaar.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

# P.U.-Atlete het Dorp kaf gedraf

**Op 'n ligabyeenkoms onder spreiligte Donderdagaand het die Puk vir Potchefstroom-dorp goed die loef afgesteek.**

**Die byeenkoms was deurgaans van 'n hoë standaard en die atlete het met goeie vertonings vorendag gekom.**

Op dieselfde byeenkoms het P.O.K. met Klerksdorp en Stilfontein afgereken. Dit sou interessant gewees het om te sien wat die Pote met die Pukke kon uitrig.

Die damesgewigstoot is gewen deur C. Malan van P.U. met 'n stoot van 38. 9½". Die spiesgooi vir mans is gewen deur P. Mulder met 'n gooi van 161' 2".

**HEKKIES**

Bea Marais het gesorg vir 'n goeie vertoning oor die 80 meter hekkies met 'n tyd van 12.2 sek. Sy het ook die 100 tree en 220 tree in 11.7 en 26.6 sek. onderskeidelik gewen.

Die 100 en 220 tree vir mans is gewen deur W. van der Westhuizen in 10.0 en 22.3 sek. onderskeidelik. Die mans hoogspring is gewen deur R. de Villiers met 'n sprong van 5' 8". Ettienne Schalekamp het die 120 tree hekkies gewen in 16.0 sek.

**AFLOS**

Dries du Plooy het die 440 tree in die goeie tyd van 51.2 sek. gewen, terwyl George Muldner die myl in 4 min. 34.5 sek. gewen het. Die aflos vir dames is ook deur die P.U. gewen.

**Met soveel talent behoort die Puk vanjaar die Dalrymple-byeenkoms te wen wat op die Groenpuntse baan in Kaapstad gehou sal word.**

## RUGBYTYD BEPAAL

Terwyl die verskillende rugbyunies nou begin regmaak vir die nuwe seisoen. het die organiseerders van die tussen-universitêre rugby-kompetisies reeds die datums vir die nuwe seisoen bepaal.

Aangesien hulle nog op goedkeuring van die rugbyunies wag, kan die bepalings nog nie finaal vasgestel word nie.

Die eerste ronde vind op 29 April plaas, die tweede ronde op 31 Mei en die laaste ronde op 4 September.

## Baie Pukke vir W.-Tvl. gekies

'n Groot aantal Pukke is gekies om Wes-Transvaal vanaand in 'n driehoekige atletiekbyeenkoms op Potchefstroom te verteenwoordig. Hulle teenstanders sal Noord-Transvaal en Suid-Transvaal wees. Dit sal die eerste keer wees dat 'n interprovinsiale atletiekbyeenkoms onder die Bill Swart-ovaal se nuwe spreiligte sal plaasvind.

Die dames wat die P.U. sal verteenwoordig is: Bea Marais (100 tree, 220 tree, 80 meter hekkies en verspring), Rosalie de Klerk (80 meter hekkies), A. Vorster (verspring), C. Malan (gewigstoot) en A. Venter en M. Gelderblom (spiesgooi).

**GEHALTE**

Die mans is Willie van der Westhuizen (100 tree, 220 tree, 440 tree hekkies en 4x110 tree aflos), T. George (220 tree en aflos), Dries du Plooy en Piet Coetzer (440 tree), George Muldner (880 tree en 1 myl), Willie Coetzee en Etienne Schalekamp (120 tree hekkies), C. Swanepoel en Cor Marx (diskus).

Almal is atlete van uitstaande gehalte en hulle behoort hul goed van hul taak te kwyt.



**Die atlete seil oor die laaste hekkie heen op pad na die wenpaal tydens die eerstejaars-atletiekbyeenkoms wat op die Puk se atletiekbaan gehou is.**

**(Foto: De Zee)**

## Professor doen ontkleedans

Professor Joseph Tropea van die George Washington-universiteit in die V.S.A. het gedurende 'n sosiologie-lesing hom kalmweg ontdoen van sy jas, das, hemp en broek en in sy onderklere die lesing voortgesit.

Sommige van die studente het hande geklap terwyl ander geskok gelyk het. Professor Tropea het verklaar dat dit een van sy idees was om die klas ongemaklik te laat voel.

Die universiteitsowerhede het die voorval nie in 'n ernstige lig beskou nie.



**Vier eerstejaarstudente wat goed presteer het op die eerstejaaratletiekbyeenkoms: T. le Roux (100 tree in 10.5 sek en 220 tree in 23.4 sek.), Bea Marais (P.U.-rekords in 80 meter-hekkies 12.2 sek., 220 tree hekkies 26.6 sek.), Anna Venter (P.U.-rekord in spiesgooi 120 vt 0 duim.) en Cor Marx (P.U.-rekord in senior diskusgooi vir mans 133 vt. 3 dm.).**

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en Sokkies.

„Vleispasteitjies en tamatiesous asseblief . . ."
Turkstra
te kry by u kafeteria